

# DIE KOINONIALE KONSTRUKSIE VAN 'N TOERUSTINGSPROGRAM VIR NARRATIEWE PASTORALE SORG

JP Roux<sup>1</sup>  
DJ Kotzé<sup>2</sup>

## SUMMARY

A great variety of training programs are available for pastoral counsellor training from a modernist stance. This article contributes to this discourse by reflecting on the topic from a postmodern narrative discourse. The training narrative includes examples of training by means of multiple reflexive conversations. The consequences of training by means of multiple reflexive conversations concerning supervision and evaluation are also reflected upon. Being developed from this position the "program" is continuously under construction and should be viewed as a program constructed in time and context.

## OPSOMMING

'n Groot verskeidenheid opleidingsprogramme is beskikbaar vir die opleiding van pastorale beraders vanuit 'n meer modernistiese perspektief. Hierdie artikel dra by tot die diskouers deur oor die onderwerp vanuit 'n meer postmodernistiese narratiewe diskouers te reflekteer. Die opleidingsnarratief sluit voorbeeldelik in van opleiding deur middel van meer-voudige reflekterende gesprekke. Die implikasies wat opleiding op hierdie wyse het vir supervisie en evaluasie word ook bespreek. Synde ontwikkeld te wees vanuit hierdie posisie, is die program voortdurend in 'n proses van konstruksie en moet dit gesien word as 'n program gekonstrueer binne tyd en konteks.

- 1 Ds JP Roux is predikant van die Ned Geref Kerk Sonlandpark, Vereeniging. Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n gedeelte van sy navorsing vir sy Ph.D.-proefskrif, getitel: *Die ontwikkeling van 'n pastoraal-terapeutiese toerustingaprogram vir lidmate: 'n Narratiewe benadering*.
- 2 Prof DJ Kotzé was tot 31 Maart 1996 mede-professor aan die Fakulteit Teologie, Universiteit Vrystaat. Hy is tans direkteur van die Instituut vir Terapeutiese Ontwikkeling en beklee ook 'n buitengewone professoraat aan die Departement Sosiologie, Vaaldrifhoek kampus, PU vir CHO. Hy tree op as promotor vir die bovenoemde proefskrif. (Adres: Posbus 12412, Hatfield, Pretoria, 0028)

## 1. INLEIDING

Daar bestaan 'n verskeidenheid opleidingsvoorstelle vanuit 'n modernistiese posisie ten opsigte van lidmate as pastorale versorgers (Goedhart 1976; Detwiler-Zapp & Dixon 1982; Stone 1987; Clinebell 1971,1984; Foskett & Lyall 1988 ; Tan 1991). Hierdie artikel poog om 'n gesprek te inisieer ten opsigte van opleiding van lidmate vanuit 'n *postmoderne narratiewe benadering*. Die epistemologiese wortels van hierdie studie lê in die konstruktivisme (Maturana & Varela 1980, 1987; Von Foerster 1984; Enfran, Lukens & Lukens 1990) en sosiale konstruksieteorie (Gergen 1985, 1994; Hoffman 1990, 1992; Anderson & Goolishian 1991a; Shotter 1993) wat beide postmoderne beskouings is.

In die artikel sal deurgans verwys word na 'n navorsings projek wat deur die eerste skrywer (JPR) oor die tydperk 1994-1996 ten opsigte van die onderwerp onderneem is onder promotorskap van die tweede skrywer (DJK). Die opleidingsmetodiek van die toerustingsprogram sluit aan by die navorsingsmetodologie wat Kotzé (1995) daargestel het. Kotzé (1995) noem dit "opleiding deur veelvuldige reflekterende gesprekke." Die opleidingsproses bestaan uit veelvuldige gesprekke waartydens onderlinge pastorale versorging gekonstrueer word deur die opleier, deelnemers en kliënte<sup>3</sup>.

*Eerstens* sal gekyk word na wat bedoel word met koinoniale konstruksie in konteks. Binne die dialogiese betekenissisteem sorg bestaan die subbetekenissisteme: onderlinge sorg, pastorale sorg en pastorale beraad. *Tweedens* sal aan die onderskeidinge ten opsigte van hierdie subbetekenissisteme aandag gegee word om ook sodoende die opleiding te kontekstualiseer. Die benaming pastorale versorgers word ook hier gemotiveer. *Derdens* volg die verhaling van die opleidingsverhaal wat volgens Neuman (1994: 74) nie-konvensioneel kan wees: "Postmodern reports often have a theatrical, expressive, or dramatic style of presentation. They may be in the form of a work of fiction, a movie, or a play." Die verhaling, teoretiese motiverings, reflekteringsmateriaal en eie refleksies soos die

<sup>3</sup> Die term kliënt word hier gebruik ter aanduiding van die persoon in nood wat met die pastorale versorger kontrakteer vir hulp. Dit word algemeen gebruik in die hulpverleningsprofessies vir die doel. Dit word gebruik by gebrek aan 'n alternatiewe term in die teologiese en algemene spreektaal.

verhaal beskryf word, word op 'n geïntegreerde basis aangebied. Die beweging tussen hierdie style vorm spontaan deel van hierdie artikel en die leser moet ingestel wees op hierdie dinamiese weefwerk wat nie noodwendig telkens duidelik onderskeibaar sal wees nie. Dit word op die wyse gedoen ten einde die leser optimaal te laat deel aan die opleidingservaring wat in der waarheid veel groter en ryker was as die verhaling daarvan wat in hierdie artikel gekonstrueer word.

## 2. DIE KONSTRUK: KOINONIALE KONSTRUKSIE IN KONTEKS

From a social constructionist viewpoint every family therapy training programme can be seen as a unique construction of its participants within the *social* (eie aksent) context in which it comes about.

(Kotzé 1995: 64)

Die sosiale konteks van hierdie program is 'n konteks wat realiseer binne die christelike geloofsgemeenskap diskouers. Die aard van die sosiale kontekste waarbinne hierdie programme gekonstrueer is, word goed beskryf deur die theologiese konstruk: koinonia. Die metafoor koinoniale konstruksie word gekies om die proses van die opleiding te beskryf. Vervolgens 'n kort motivering.

### 2.1 Die begrip *koinonia*

In die Septuaginta kom die woord drie keer voor, verwysende na die gemeenskap tussen mens en medemens. Die Hebreeuse ekwivalent van koinonia is *haber*. Ook hierdie woord druk die gemeenskap tussen mens en mens uit. Dit is interessant dat hier glad nie sprake is van gemeenskap tussen God en mens nie (Du Rand 1985: 58). Koinonia kom agtien keer in die Nuwe Testament voor, dertien keer in die Pauliniese geskrifte, een keer in Handelinge, een keer in Hebreërs, en drie keer in 1 Johannes. Du Rand (1985: 57) toon aan dat W. Bauer die Nuwe-Testamentiese voor-komste in vier groepe ingedeel het, naamlik: (i) Gemeenskap (1 Kor 1:19; 2 Kor 6:14; 13:13; Rom 15:26; Gal 2:9; Fil 1:5; 2:1; Hand 2:42; 1 Joh 1:3,6,7); (ii) Miteilsamkeit (2 Kor 9:13; Heb 13:16; Fil 2:1); (iii) Zusammenhaltens (1 Kor 10:16; Rom 15:26); en (iv) Anteilhaben (2 Kor 8:4; Fil 3:10; Filemon 6).

Die Pauliniese gedeeltes druk die verskillende aspekte van die gelowige se verhouding tot Christus en tot die Heilige Gees met die woord koinonia uit. Uit hierdie gemeenskap vloeи 'n ander koinonia: *koinonia van die gelowiges* (Du Rand 1985: 75; Groenewald 1932: 157; Hauck 1979: 804). By 1 Johannes kom die gemeenskap met die Vader deur die Seun by, en in Handelinge word die realisering van koinonia deurgetrek na alledaagse middele (Du Rand 1985: 75).

Louw en Nida (1988: 446) plaas die woord koinonia in die subdomein "genoot" en omskryf die begrip koinonia soos volg: "an association involving close mutual relations and involvement." Koinonia toon "deelname" en "gemeenskap" tussen mens en medemens (Hauck 1979: 798, Nemeth 1979: 10, Stone 1987: 73). Burger (1991: 99) sien koinonia as 'n tegniese term vir die "diep lewens- en lotsverbondenheid" van die christelike geloofsgemeenskap". McArthur (1988: 130) sien koinonia as "intimate communication" waar liefde onderling met mekaar gedeel word. Jonker (1985: 127) verduidelik hierdie "intimate communication" wat McArthur stel, baie goed wanneer hy sê koinonia is die "ontmoeting van mekaar voor God."

Daar word volstaan met Hendriks (1990: 99-100) se definisie van koinonia:

Koinonia verwys per definisie na dit wat God die Vader heilshistories, verbondsmatig steeds tot stand bring; gegrond is in Jesus Christus se soenverdienste en gedra en bewerk word deur die Heilige Gees. Dit realiseer in die onderlinge verhoudinge tussen gelowiges, jy ontvang en gee dit, dis gawe en opdrag; dit word gekenmerk deur liefde, diens, eenheid, wedersydse opbou, lyding deel, vreugde, orde en aanbidding; dit besit 'n gedeelde koninkryksvisie en is ten diepste gegrond in 'n persoonlike geloofsverhouding tot God.

Hierdie deelgenootlike relasies realiseer en word gekonstrueer in "taal" deur woorde, gebare en dade. (Roux 1991: 54).

## 2.2 Konstruksie

Die term "konstruksie" word ontleen vanuit die konstruktivistiese epistemologië. Die term word gebruik om die proses te beskryf waardeur

mense betekenis/verstaan tot stand bring op 'n relasionele wyse (Gergen 1994). Die konstruk *koinoniale konstruksie* beskryf myns insiens die aktiwiteit van sosiale konstruksie binne die christelike geloofsgemeenskap, die beste. Gelowiges het dus hierdie opleiding koinoniaal gekonstrueer deur veelvuldige gesprekke met 'n diversiteit van diskourse.

Kotzé (1995: 67,68) stel dit as volg: "The training narrative is the outcome of conversation, rather than the product of structural organization. .... Training therefore can be regarded as a linguistic event that occurs as a training conversation."

### 3. ONDERLINGE SORG, PASTORALE SORG EN PASTORALE BERAAD

De Jongh van Arkel (1988: 1vv) tref drie onderskeidings ten opsigte van pastoraat naamlik: *onderlinge sorg, pastorale sorg en pastorale beraad*. Die volgende belangrike opmerking help om in die lig van die gekose epistemologie by hierdie onderskeiding aan te sluit:

In die onderskeidings tussen die drie vorms van pastoraat word daar nie 'n hiërargie uitgebou asof die een beter, hoër en van meer waarde as die ander sou wees nie. Dit is bloot 'n belangrike funksionele onderskeid wat probeer aantoon dat elkeen van die drie vorme 'n eie aard vertoon.

(De Jongh van Arkel 1988: 10)

Anders gesê sal ons graag wou praat van drie verskillende diskourse wat in die sorg betekenissisteem van praktiese teologie funksioneer.

Vervolgens 'n kort omskrywing van elkeen van die diskourse.

#### 3.1 *Onderlinge sorg*

Vir de Jongh van Arkel (1988), Heitink (1977) en Roux (1991) vorm onderlinge sorg die basis van alle ander vorms van pastoraat.

De Jongh van Arkel (1988: 4) omskryf onderlinge sorg as "die spontane sorgende handeling van gelowiges aan gelowiges". Ek wil egter aansluit by 'n uitbreiding van hierdie omskrywing in 'n vorige studie

(Roux 1991: 53 - 54) ten opsigte van onderlinge sorg:

Onderlinge sorg het, in die lig van die Woord [in die lig van die lewe coram Deo waar die Bybel 'n belangrike gesprekgenoot is], tweërlei aspekte:

die SORG dra vir mede christene deur lede van die ekklesia onderling,  
 in die sfeer van die liggaam van Christus as verbondsgemeenskap, met die oog op lewensverandering wat tot op- en uitbou van die gemeenskap van die gelowiges strek;  
 die lede van die ekklesia in die sfeer van die samelewing,  
 SORG dra vir ongelowige naastes (wêreld),  
 met die oog op lewensverandering wat tot inbou in die verbondsgemeenskap strek.

### *3.2 Pastorale sorg*

Vir de Jongh van Arkel (1988: 6) is pastorale sorg meer *georganiseerd* en sluit bedieninge soos huisbesoek, siekebesoek, rousmartgesprekke en gesinskrisisse in (vgl. ook Goedhart 1976 en Tan 1991). Hierdie pastorale sorg word uitgevoer deur die besondere ampte sowel as pastorale medewerkers en vrywilligers uit die gemeente. Die doel van hierdie sorg is die *persoonlike en geestelike* nood van mense.

Die opleiding van hierdie meer georganiseerde sorg word vanuit 'n modernistiese posisie intensief deur die volgende outeurs beskryf en gedebateer: Becker (1981); Carkhuff (1969); Cerling (1983); Charles en Morris (1984); Clinebell (1984); Collins en Tornquist (1981); Collins (1987); Detwiler-Zapp & Dixon (1982); Lukens (1983, 1987); Osborn (1983); Prater (1987); Richard en Flakoll (1981); Seaberg (1985); Sobey (1970); Stone (1983); Tan (1990, 1991); Van Wagner II (1977) en Worthington (1987).

### *3.3 Benaming: "Lekeberader" of "paraprofessionele berader" of ....?*

Bogenoemde outeurs gebruik die wisselterme "lay counselor" of "paraprofessional counselor", om die persoon wat pastorale sorg doen maar nie self 'n pastor (predikant) is nie, aan te dui. Tan (1991: 14) beskryf dit as volg: "Lay counselors have also been called nonprofessionals with little or no training in people-helping skills, or paraprofessionals with some

limited training in such skills." Collins (in Tan 1991: 14) beskryf hierdie persone as mense wat 'n tekort aan opleiding, onderrig en ondervinding het om 'n professionele berader te wees maar wat tog betrokke is by mense se persoonlike probleme en krisisse.

Die twee terme is om twee redes problematies: *Eerstens* omdat dit nie aan die konteks vanwaar die hulpverlening vertrek naamlik, die geloofsgemeenskap, koppel nie en *tweedens*; die gedagte laat dat hierdie hulp tweede beste is en dit terwyl hierdie hulpverlening, in die lig van die gekose epistemologie, 'n diskoers is wat deel uitmaak van die totale sorg diskoers en dus nie hiërargies laer of minder is nie.

In hierdie artikel word gekies vir die benaming *pastorale versorger* omdat die konteks waarin dit realiseer uitgaan van die georganiseerde sorg situasie, "pastorale sorg" (soos de Jongh van Arkel 1988: 6 dit gebruik) binne 'n christelike geloofsgemeenskap. Binne die huidige Suid-Afrikaanse konteks sou ook goed van die benaming "gemeenskapshulpverlener" gebruik gemaak kon word. Dit sou egter afhang van die betrokke geloofsgemeenskap se hulpverlenings fokus.

### *3.4 Pastorale terapie of beraad*

Pastorale terapie of beraad is hulpverlening wat gedoen word deur professionele persone. Hierop word nie uitgebrei nie.

## 4. OPLEIDINGSNARRATIEF

### *4.1 Inleidende oorsig*

Die navorsing het plaasgevind in twee verskillende geloofsgemeenskappe. Die opleidingsnarratief van een van hierdie kontekste sal nou verhaal word. Die program met die pastorale versorgers het 'n aanvang geneem met sewe lidmate van die Ned Geref Kerk Drie Riviere-Oos. Daar was vier vrouens en drie mans betrokke by die eerste geleentheid. Een van die gemeente se leraars was ook hierby betrokke. Na die oriënteringsgesprek het twee vrouens onttrek en een man verhuis. Die groep het hierna met vier lede en die leraar voortgegaan, dus twee vrouens en drie mans. Die ouderdomme het gewissel tussen 37 en 65 jaar. Tydens die eerste geleentheid is die volgende vraag gevra: "Wat is jou verwagting van die opleidingsprogram?" Die vier lede het as volg gereageer: "Ons wil ons medemens

beter bystaan."

Twee geleenthede is gebruik om basiese gespreksvaardighede te kommunikeer. Hier is ook van rolspel gebruik gemaak om die vaardighede in te oefen. Hierna is teoretiese gepreksgeleenthede oor 'n tydperk van ses maande rondom die volgende diskourse ingeruum: Familie van oorsprong werk; sisteemteorie; gesinslewensiklusteorie; fases in geloofsonderhoud; konstruktivisme; sosiale konstruksieteorie; narratiewe benadering; vraagstelling; spesifieke pastorale temas soos siekepastoraat, sterwensbegeleiding en rou, asook temas soos Skrifgebruik en gebed.

'n Goeie vraag sou seker wees: "Hoekom hierdie diskourse?" Dit is diskourse wat in die wyer diskourse van epistemologie, teologie (met spesifieke verwysing na die pastoraat), huweliks- en gesinsterapie realiseer. Ek (JPR) het hierdie seleksie van diskourse, waarmee met die deelnemers in gesprek gegaan is, gekies omdat ek operasioneel in hierdie veld werksaam is. Dit moet egter duidelik verstaan word dat die deelnemers se verstaansdiskoerse oor hulpverlening, of watter diskouers ookal, nie van minder belang was nie (Vgl. Kotzé 1995: 78). Die opleiding was juis daarop ingestel om gesprek tussen diskourse te faciliteer en so-kennis, betekenis en verstaan te realiseer. Van die diskourse is modernisties en ander postmodern. Daar is gepoog om met die modernistiese diskourse op 'n post moderne wyse deur middel van dekonstruksie (sosiale konstruksieteorie) om te gaan.

Die teorie gesprekke is voortdurend deur middel van metafore gefasiliteer (Kotzé 1995; Veltkamp 1988) waar die gebruik van gevallestudies 'n belangrike komponent uitgemaak het. Video-opnames van beraadsgesprekke is ook gebruik om van die vaardighede te demonstreer. Besprekingsgesprekke is tydens en na hierdie geleenthede gevoer. Elkeen van hierdie diskourse het 'n magdom dialoog gefasiliteer. Na afloop van elkeen van die gesprekke rondom die verskillende temas is die reflekterende vraag gevra: "Wat het vanaand vir jou beteken?" Hierdie vraag het 'n reflekterende gesprek met mekaar tot stand gebring.

Aan die begin van elke teorie gespreksgleentheid is die vraag gevra: "Waaroor het jy die afgelope tyd nagedink ten opsigte van die vorige geleentheid se gesprekke?" Hierdie twee spesifieke vrae is nie gebruik om iets spesifieks te toets nie, maar om die opleiding te eksternaliseer en daaroor te reflekter en sodoende veelvuldige gesprek te fasilitateer (Kotzé

1995; White 1991, Gergen 1994). Ander geformuleerde vrae kon ook hier gegeld het. In die lig van Tomm (1987, 1988) se gedagtegang oor vraagstelling was die intensie refleksief en nie strategies van aard nie. Die vrae was nie daarop gerig om 'n bepaalde hipotese te toets of 'n bepaalde oortuiging of idee gevvestig te kry nie.

#### *4.2 Refleksies van deelnemers*

Vervolgens 'n paar opmerkings uit my (JPR) prosesnotas oor die deelnemers se opmerkings na aanleiding van die vrae. In die volgende opmerkings is die inhoud nie noodwendig so belangrik as om die proses van veelvuldige gesprekke en die konstituerende invloed van hierdie gesprekke ten opsigte van opleiding, raak te sien nie. Slegs die direkte woorde van deelnemers word vervolgens weergegee.

##### *4.2.1 Gespreksvaardigheid*

"Ek het vanaand agter gekom hoe ander my werklik sien.. Teorie is baie belangrik maar nog meer belangrik om dit wel prakties te kan toe pas. Ek was geneig om 'n persoon uit nie verbale houding op te som en gevolgtrekkings te maak wat verkeerd is. Leer om te luister en selfs al beteken dit om lank niks te sê nie."

"Ek het besef dat daar 'n groot uitdaging vir my voorlê voor ek al die tekens ken en verstaan. Ek sien uit na die volgende byeenkoms."

"Ek moet LUISTER - ek moet daar wees, moet verstaan dat die persoon my in sy vertroue wil neem."

"Dit was goed dat die mense oor die vorige keer kan reflekter. Hulle het dit gou toegepas in hulle eie lewens."

"Ek het met nuwe insigte na 'n persoon geluister."

"Ek sien meer nie-verbale kommunikasie van mense raak soos byvoorbeeld handgebare en gesigstuitdrukkings. Ek raak egter nog te gou emosioneel betrokke by mense."

"Ek het rustiger geluister en was meer ontspanne." "Wat was die mense se reaksie?" "Dankie dat jy bereid is om na my te luister."

"Ek luister in my werksituasie maar besef ek moet in my eie situasie(huisgesin) meer luister en minder preek."

"Die rolspel het my gehelp in die hele proses van gesprekvoering. Ek luister meer by die werk en in my gesinsituasie. As ek nie luister nie sê ek dit vir myself."

#### 4.2.2 Sisteemdenke

- “God se skepping is 'n sisteem.”
- “Simplistiese antwoorde bestaan nie.”
- “Prosesse in mense se lewe is belangrik.”
- “Die verstaan van mense in konteks van die Familie van oorsprong is baie belangrik.”
- “Sisteem denke bring bevryding!”

#### 4.2.3 Gesinslewensiklusteorie

- “Help my om my Gesin van oorsprong beter te verstaan”
- “Ek moet besef mense se verhaal het in kontekst gerealiseer.”
- “Ek verstaan my ma ook beter in die lig van die fases.”
- “My eie lewe sien voor my afspeel.”
- “Ek kan iemand anders se verhaal ook beter verstaan.”
- “Dit gee jou 'n raamwerk.”
- “Dit is belangrik vir die verstaan van gesinne.”
- “Dit het vir my 'n nuwe wêreld oopgemaak.”
- “Ek het besef ek kan persone nie oor een kam skeer nie. - Fases speel geweldige rol.”
- “Dit het my iets van myself laat verstaan.”
- “Die relevansie van die fases realiseer vir my duidelik in my seun wat gaan trou en my dogter wat verloof is.”
- “Ek dink nou anders oor my seun!”

#### 4.2.4 Geloofsfases

- “Ek het dit in die gemeente beleef maar nou realiseer dit vir my in 'n raamwerk.”
- “Fases was vir my oog oopmaker.”
- “Dit is belangrik om te besef dat die fases oorvleuel.”
- “Sal ander mense beter verstaan.”
- “Jy moet nederig bly as jy met mense werk.”
- “Jy moet akkomoderend wees.”

#### 4.2.5 Konstruktivisme en sosiale konstruksieteorie

- “Ek wil dit gaan oordink.”
- “Ons kommunikasie het voorbeeldige gebring en sodende is die teorie verduidelik.”
- “Ek het my eie Gesin van oorsprong in verband gebring met dié teorie.”

- "Ek verstaan myself al beter."
- "Konstruksies moet deur gesprek verander word."
- "Ek wil dit gaan oordink. Ek het dit gesnap."
- "Die teorie laat my besef dat mens kan verander."
- "My eie konstruksies kan verander."
- "Ek verstaan myself beter. Ek kan verander!"
- "Dit gee vir jou agtergrond hoekom die mens optree soos hy optree. Waar kom hy vandaan. Hoekom doen en dink hy wat hy wel dink."
- "Die mens bepaal sy eie lot deur die feit dat hy 'n keusewese is."

Na afloop van die sogenaamde teorie gesprekke het ek (JPR) die deelnemers gevra om hulle gedagtes en belewing tot sover op papier neer te pen. Hierdie belewenisse dui die ervarings en realisering van kennis deur middel van veelvuldige reflekterende gesprekke baie goed aan. Ter wille van ruimte word hierdie gedagtes nie geplaas nie.

Gedurende dieselfde periode is op individuele basis gesprek met elkeen van die lede gevoer oor sy/haar familie van oorsprong en verwante [lewens narratiewe]. Ander lewens narratiewe sluit kontekste soos skool, gemeenskap ens. in. Dit is dus eintlik 'n kyk na die diversiteit van lewensverhale in verhouding met mekaar. Hierdie gesprekke is gevoer vanuit 'n postmoderne narratiewe benadering.

#### 4.3 Motivering vir narratiewe van oorsprong werk

Die rede vir hierdie narratiewe van oorsprong werk (NVOW) is daarin geleë dat mense wat met ander in gesprek tree, met die stemme van hul eie lewenstories luister na hierdie mense (Gergen 1994). Hierdie luister beïnvloed dus die hele terapeutiese proses. Kotzé (1991); Kotzé & Kotzé (1993); Kotzé & Botha (1994) en Kotzé (1995) het in elkeen van hierdie geskrifte aangetoon watter invloed hierdie lewenstories op die lewens van terapeute en hulle werk as terapeute het en kan hê. Hierdie lewensnarratiewe konstitueer nie net die persoon se lewe nie maar het ook 'n invloed op die wyse waarop hy/sy terapie doen.

Dit was dus belangrik om ook die pastorale versorgers in hierdie proses van selfontwikkeling te begelei om die dominante stories, temas of tradisies te eksplloreer sodat die invloed van die stresverhale en sukses-verhale geëksternaliseer kon word en/of alternatiewe verhale vir stresver-

hale te kon bewerk of die suksesverhale deur ander positiewe alternatiewe verhale wat in die persoon aanwesig is, verder uit te brei, of beide (Kotzé 1991; Kotzé & Kotzé 1993; Kotzé 1995; Veltkamp 1988; White & Epston 1990; White 1991).

Familie van oorsprong werk (FVOW) is ook gedoen as wesenlike deel van NVOW, veral met die oog op die proses van selfdifferensiasie. FVOW berus op transgeneratiewe benaderings (Bowen 1978; Burnham 1986; Framo 1992; Friedman 1985, 1991; Kerr 1984; Kerr & Bowen 1988; Roberto 1992; Titleman 1987; Van De Kemp 1991; Van Heusden & Van den Eerenbeemt 1987; Williamson 1991) wat realiseer uit 'n modernistiese epistemologie. Die vraag is na die versoenbaarheid van 'n modernistiese metode binne 'n wesenlik postmodernistiese werkswyse?

Selfdifferensiasie is 'n metafoor of taalkonstruksie wat deur hierdie benadering gebruik word om die vermoë wat 'n persoon het om bewus te raak van emosionele verhoudingsprosesse waarbinne hy/sy leef of geleef het, te bevorder. Die doel is om 'n persoon te faciliteer om toenemend meer op nie-reaktiewe wyse deel te neem aan verhoudinge deur *ek-te sê*, sonder om 'n afsnyding in daardie verhouding te bewerkstellig. Die differensiasie proses het dus 'n etiese implikasie waar die persoon toenemend meer verantwoordelikheid neem vir sy/haar eie lewe en nie beheer probeer neem oor ander se lewens. Dit gee ruimte dat ander mense in die verhouding toenemend meer verantwoordelikheid vir hulle-self kan neem.

Die epistemologie van hierdie benadering ten opsigte van FVOW veroorsaak egter dat die terapeut 'n alternatiewe storie vir die deelnemer konstrukteer, naamlik dié van selfdifferensiasie. Die terapeut het objektief gekom tot watter raamwerk beter sal wees vir hierdie persoon (Kotzé 1995: 91)! 'n Post moderne epistemologie maak dit egter moontlik om selfs modernistiese konstrukte op 'n narratiewe wyse in te span en sodoende 'n beide/en posisie eerder as 'n of/of posisie ten opsigte van dieende FVOW in te neem. Kotzé & Botha (1994) toon die raakpunte van narratiewe terapie en selfdifferensiasie deur die volgende verhelderende

uiteensetting:

Selfdifferensiasieterapie:	Narratiewe terapie:
Werk met differensiasie met self.	Werk met inisiatiefnemende self. ("agency of self") (Parry 1991)
Werk met gesin-van-oorsprong verhaal as synde die werklikheid.	Werk met die verhaal as taalkonstruksie van 'n huwelik (of self - eie invoeging) wat nie objektiel kenbaar is nie. Die verhaal is 'n funksie van die persoon se mites daarin dat die mites die sif /sensor is wat bepaal welke dele van die ervarings in die storie toegelaat word (Parry 1991). Werk op verhaalvlak met mites as lewensidees ("belief systems") ingebied in stories.
Werk, via die verandering aan gesin-van-oorsprong-verhouding, indirek met mense se lewensidees ("belief systems"), om so die self te differensieer. 'n Nuwe selfverstaan is moontlik.	Terapie is die dekonstruksie van mites. Die storie word gewysig en nuwe moontlikhede in betekenis (hermeneuse) is moontlik. 'n Nuwe selfverstaan word moontlik.

#### 4.4 Familie Van Oorsprong Werk - Konteks van realisering

Kotzé (1995: 85vv) het die proses van FVOW in groepsverband aangepak wat myns insiens groot voordeel vir die hele proses inhou en waарoor sy ook positief verslag doen. Kontekste verskil en kulture in kontekste verskil (Stevens & Collins 1993: 52). Die navorsing het uit respek vir 'n konteks met 'n kultuur van "ek praat nie in 'n groep nie", die keuse

gemaak om die proses aanvanklik individueel aan te pak. Die implikasie van 'n konstruktivistiese epistemologie word hierin duidelik, naamlik dat dit 'n epistemologiese raamwerk gee wat jou instaat stel om opleidingskontekste alternatiewelik te konstrueer. Namate die proses in die teoriegesprekke ontwikkel het, het die lede vrymoedigheid geneem om van hulle persoonlike narratiewe met mekaar te deel.

Behalwe die self ontwikkeling wat deur hierdie werk gefasiliteer (FVOW) is, was hierdie gesprekskonteks 'n leerkonteks. In gesprekke wat gevolg het, het deelnemers telkemale terugverwys na die FVOW geprekke en wat hulle daaruit "geleer" het, beide self- en vaardighedsgewys. Na die formele teorie- en selfontwikkelingsgesprekke afgehandel is, het die deelnemers by verskillende kliënte in die gemeente en gemeenskap betrokke geraak. Supervisiegesprekke was hiervoor 'n noodsaklikheid.

Die verhaling word vervolgens voortgesit deur eerstens die supervisie proses te verhaal, tweedens aan die evaluering van die pastorale versorgers en die opleidingsprogram aandag te gee en derdens die bevestiging en implementering van die versorgers en hulle werksaamhede op die verhoog te plaas.

#### 4.5 Supervisie

Die sosiale konstruksieteorie het ten opsigte van supervisie verreikende gevolge vir die verhouding tussen supervisor en deelnemer, die rol van die supervisor, die evalueringsproses, supervisor intervensie en etiek (Storm 1995). Die verdere verhaling van die opleidingsnarratief skenk aandag aan die konstrueringsproses van supervisie. Verder word ook aandag gegee aan die implikasies van supervisie vanuit 'n konstruktivistiese perspektief teenoor 'n modernistiese posisie. Hier word ook egter 'n posisie ingeneem waar die beide/en logika gebruik is om die proses te konstrueer.

Supervisie het op verskillende vlakke gerealiseer. Sommige gesprekke het plaasgevind deur verbatim verslae, ander per telefoon en ander deur individuele supervisie. Hier volg 'n refleksie van een van die deelnemers na so 'n supervisie gesprek:

"Hoe voel ek oor die terugvoering aan Johan en die raad wat gegee is?"

"Ek was baie opgewonde oor my eerste "counseling" maar ook skrikkerig of ek dit reg hanteer het."

"Johan, ek kan dit nie in woorde sit hoe ek gevoel het nie."

"Ek was gespanne- "gestres" - glo my, jy het my gou op my gemak laat voel."

"Die raad wat jy so tussenin gegee het, het ek dadelik gesien waar en hoe ek dit in die toekoms sal laat inpas."

Die posisie wat die supervisor hier in geneem het was 'n posisie van "not knowing". Vrae is deuren tyd gevra oor die proses. Dit toon iets aan van die konteks (kultuur, gemeente en gemeenskap) wat deur "kennis is mag" (White & Epston 1990) konstruksie aan die supervisor 'n posisie as die persoon wat die "ekspert" is, toeken. Die konteks en taal waar die deelnemers as sogenaamde "lay counselors" bekend staan versterk ook hierdie proses. Hierdie proses, waar die deelnemer 'n "ekspert posisie" aan die opleier toeken, blyk voort te gaan te midde van die dekonstruksie van hierdie posisie deur die supervisor (Vgl Bobele, Gardner & Biever 1995: 17; Anderson & Swim 1995: 5).

Die supervisor het in die supervisie proses hierdie proses van "ekspert" geëlektronaliseer en daaroor met die deelnemer in gesprek getree. Die supervisor het ook by verskeie geleenthede terwyl die deelnemer sy/haar storie (gesprek met kliënt) vertel, validerende opmerkings ten opsigte van kreatiewe hanteringswyses gemaak. Tydens momente waar die supervisor uit die gesprek geleer het en nuwe idees by die deelnemer gekry het, het hy dit uitgespreek. Dit het ook bygedra tot die defokus van die supervisor as "ekspert".

Voortgaande gesprek en 'n voortdurende posisie van "not knowing" behoort in ag geneem te word om supervisie van meewerkende (collaborative) aard in die lig van 'n sosiale konstruksie van kennis en betekenis, te laat realiseer. (Vgl ook Anderson & Swim 1995 :7). Bobele, Gardner & Biever (1995) stel ook voor dat supervisie in spanne en groepe gedoen word sodat daar 'n geleenthed geskep kan word waartydens meer idees die konstruksies van die deelnemer kan verruim. Dit sal ook bydra dat die supervisor se posisie gefokus word: "As postmodern supervisors, therapists, theoreticians, and researchers we must remain open to our own dearly held views and biases, and open to the uncertainty of the

yet-to-be known territories...." (Anderson & Swim 1995: 12)

Dit is juis in die lig van bogenoemde idee belangrik om voortdurend verskillende opleidingskontekste in ag te neem. Vir die konteks van hierdie opleidingsnarratief was dit belangrik gewees om nie altyd 'n "volle" "not knowing" posisie ten opsigte van vroe in te neem nie. Iets van "to be different but not too different" (Andersen 1987) het in hierdie konteks groot waarde gehad. Tomm (1988) vra die vraag: "Beteken vraagstelling om nooit inligting deur te gee nie?" Hy antwoord: "As hulle inligting kort kom, gee inligting!" Iets hiervan het in hierdie opleidingskonteks gerealiseer. Hierby moet onmiddelik gesê word dat die stellings met tentatiwiteit gegee is en dadelik opgevolg is met vroe sodat wat Anderson & Swim (1995: 5) 'n "generative conversation" noem, aan die gang kon kom. Dit was dalk meer 'n mededeling van konstrukte en vraagtekens oor die konstrukte as 'n geval van inligting gee.

Cantwell and Holmes (1995: 37) beskryf hulle filosofie van supervisie met die baie interessante slagspreuk: "leading from one step behind!" Die vraag wat by my in hierdie opleidingskonteks na vore gekom het, was of dit nie somtyds nodig is om "te lei van 'n tree voor" nie, maar dit nie langer as vir 'n tree te laat duur nie en dan weer te beweeg na 'n tree terug? Die motivering vir die vraag is nog 'n vraag. Skep dit nie 'n konteks waar die deelnemers meer wil agterkom oor die verstaan van sekere konstrukte en waaroer daar in gesprek getree kan word en beide deelnemer/s en supervisor kan leer nie? Kan deur verby te gaan verwardheid geskep word wat nuuskierigheid kan faciliteer en 'n konteks van nuwe en ander vroe kan laat realiseer? Kan dit weer aan supervisie 'n ander dimensie gee? Die verhouding tussen supervisor en deelnemer/s sal sekerlik al 'n proses moes deurloop het voordat dit gewaag kan word?

Die refleksie van die deelnemer oor die supervisiegesprek word nou hervat:

"Ek het altyd verstaan wat jy sê en ook hoekom jy dit sê."

"Soos ek vir jou gesê het, ek het wat ek dink ons moet hê, maar wat maak ons daarmee?"

"Die vroe wat hy geskryf het waarmee ek na [kliënte] sal terug gaan het dadelik sin gemaak en my ook laat voel om terug te kan gaan."

"Ek het ook agtergekom dat jy jou so inleef met die terugvoering

dat tyd nie saak maak nie. Jy het nie eenkeer iets aangejaag nie."  
"Dankie vir die oor wat jy gehad het vir my probleem asook die raad - Dit het vir my baie beteken."

Tydens ander supervisie gesprekke het die deelnemers die persone met wie hulle in gesprek betrokke geraak het, na my verwys. Hulle het dan saam deelgeneem aan die beradingsproses. Hier is dan ook 'n twee-persoon reflekterende span gevorm. Reflekterende gesprekke oor my hantering van die beradingsproses is dan na afloop van die beradingsgeleentheid gehou, waartydens die deelnemer my ook kon uitvra oor my hantering van die gesprek.

Die supervisie is gekonstrueer na gelang van die spesifieke kliënt met wie 'n deelnemer op daardie stadium gewerk het. Die posisie waar die deelnemer op daardie stadium in die opleidingsproses was, het ook 'n rol gespeel. Namate die deelnemers al hoe meer in die beradingstaal vaardig geraak het, is ook van groepsupervisie gebruik gemaak. Hierdie gesprekke is met toestemming van die kliënte gevoer en was 'n verdere geleentheid vir die kontinuering van die koinoniale leerproses. Hier is ook reflekterende gesprekke gevoer oor die deelnemers se ervaring van die groepsupervisie.

Supervisie hoef myns insiens nie net 'n deelnemer-supervisor saak te wees nie, maar kan ook die kliënte betrek. Dit is so gedoen in hierdie opleidingskonteks. Nadat die deelnemers met kliënte in gesprek was, het die deelnemer, supervisor en kliënt bymekaar gekom vir 'n reflekterende gesprek. Die inhoud van hierdie gesprek het verloop oor die gespreksproses en die deelnemer se hantering van die hele proses.

Supervisie moet aanpassings maak om die konteks te akkommodeer. Die sosiale konstruksie teorie maak dit huis moontlik omdat supervisie in taal gekonstrueer word en daarom nie van 'n struktuur of objektiewe wette afhanglik hoef te wees nie. Daar is egter belangrike etiese implikasies, byvoorbeeld die kliënt moet bewus wees op watter wyse die supervisie plaasvind en moet tevrede wees daarmee. Verder word die kreatiwiteit aan die opleier en deelnemers oorgelaat om 'n kaart vir supervisie vir 'n bepaalde konteks te konstrueer. Hierdie is 'n wonderlike

gawe vir die diversiteit van 'n gemeente, gemeenskap en ons land.

## 5. BEVESTIGING

'n Formulier is saam met die versorgers gekonstrueer waarmee hulle in die gemeente bevestig is. Die gemeente is in die formulier ingeskryf en moes hierop tydens die bevestigingsritueel reageer. As deel van die bevestiging is 'n sertifikaat oorhandig wat deur die Instituut vir Terapeutiese Ontwikkeling, onder wie se vaandel die opleiding gedoen is, uitgereik.

### 5.1 Formulier

Die inhoud van die formulier het as volg daar uitgesien:

#### BEVESTIGINGSFORMULIER - PASTORALE VERSORGERS

Opleier: Geagte ds ..... , die volgende persone het vir 'n geruime tyd saam geleer ten opsigte van die kerk se bediening van pastorale sorg:

Hulle het in die opleidingstyd vanuit verskillende hoeke na pastorale versorging gekyk. Die opleiding was 'n kombinasie van teoretiese-vaardigheids- en self-ontwikkeling. Hierdie opleiding was nodig vir hulle formele erkenning as pastorale versorgers.

Hulle sal kontinueer om as groep saam te werk en mekaar te ondersteun vir hierdie dienswerk. Die proses van leer hou dus nooit op nie!

Dit is vir my 'n voorreg om hierdie manne en vroue vir u aan te bied om bevestig te word as pastorale versorgers van mense in nood vir hierdie gemeente en gemeenskap.

Leraar: Een van die uitstaande kenmerke van die reformasie was die herbevestiging van die priesterskap van alle gelowiges.

Deur julle bevestiging, om saam met die leraars vir die pastorale versorging van hierdie gemeente verantwoordelikheid te neem, word 'n verreikende hoofstuk in die verhaal van die priesterskap van gelowiges geskryf.

Die impak van julle bediening is reeds tydens julle opleiding ervaar, en ons sien uit na die kontinuerende effek van hierdie bediening.

Ek vra nou aan elkeen van julle in die lig daarvan dat julle julle self gegee

het vir die toerusting vir die bediening as pastorale versorgers:

Stel julle julself beskikbaar vir God en sy gemeente om in hierdie dienswerk bevestig te word?:

*Pastorale versorgers:* Ja

*Leraar:* Belowe jy om na die beste van jou vermoë en in die lig van die Gees se leiding, die mense wat aan jou sorg toevertrou word by te staan en te begelei en alle inligting met die grootste vertroulikheid te hanteer

*Pastorale versorgers:* Ja

*Leraar:* Is dit jou voorneme om jou toerusting en ondersteuning van mekaar in hierdie bediening te laat kontinueer.

*Pastorale versorgers:* Ja

*Leraar:* Sal die gemeente van ... asseblief opstaan. [Die pastorale versorgers kyk na die gemeente].

Julle het gehoor dat hierdie manne en vroue hulself beskikbaar stel vir hulle bediening onder ons. Aanvaar julle hulle as pastorale versorgers van hierdie gemeente en sal julle hulle bediening ondersteun deur gebed, belangstelling en bemoediging.

*Gemeente:* Ons onderneem dit.

Die gemeente sit en die pastorale versorgers draai na die leraar.

*Leraar:* In die lig van julle belofte en voorneme en in die lig van die gemeente se ondersteuning en aanvaarding is dit met vreugde dat ek elkeen van julle bevestig as pastorale versorger in die pastorale bediening van hierdie gemeente.

Hierdie formulier is vir hierdie spesifieke konteks geskryf. 'n Ander konteks sal dalk vra vir 'n ander formulier of 'n ander ritueel. Die konstruering van die formulier het saamgeval met herstruktureringstransisie waarin die hele gemeente betrokke was. Die nuwe "wees" van die gemeente het 'n totale klemverskuiwing gemaak na die verantwoordelikheid van die lidnaat. Hoewel die metamorfose besig was om plaas te vind, was daar nog dele van die ou styl teenwoordig wat eers moes verander. Hierdie styl was die klem wat oor jare aan die herder-kudde metafoor verleent is, waar die leraar die enigste persoon is wat bevoeg geag is of die

"reg" gehad het om versorgingswerk te verrig. In vorige navorsing van my (Roux 1991) word 'n omvattende verduideliking verskaf ten opsigte van die ooraksentuering van die herder-kudde metafoor en die immobiliserende effek daarvan op lidmate se rol as versorgers (Vergelyk ook Burger 1991, Hendriks 1992; 1992 in hierdie verband).

In die lig van die mag wat hierdie reste van 'n spesifieke kultuur (Germond 1995 : 173vv, Collins & Stevens 1993) in 'n gemeente en gemeenskap het, is van rituele (Imber-Black, Roberts & Whiting 1988, Joubert 1994, Kotzé 1993, Müller 1993, Van der Westhuizen 1993) gebruik gemaak om die alternatiewe diskouers naamlik: "Pastorale versorgers mag 'n groter rol in die gemeente se versorgingstaak speel", al meer helder te laat uitkristaliseer in hierdie gemeente konteks.

Viljoen (1995) onderskei na aanleiding van verskillende oueurs se gedagtes oor die funksies van rituele die volgende ses temas:

- Stabiliteit en verandering
- Krisissituasies
- Fasilitering van transisiefases
- Vermindering van spanning en stres
- Herstel van verhoudinge
- Godsdienstige verdieping.

Die bevestigingsformulier vir pastorale versorgers het as deel van die eerste tema (Stabiliteit en verandering) gerealiseer. Roberts (1988) beskryf dit as volg: "Ritual works as both a maintainer and creator of social structure for individuals, families and social communities, as well as a maintainer and creator of world view." Die formulier en bevestiging van die versorgers is teen hierdie agtergrond ingesluit. In die formulier en bevestiging was daar tegelykertyd dimensies van stabiliteit en verandering.

Binne die konteks van dié geloofsgemeenskap is die rituele van bevestigings en formuliere goed bekend. Hierdie bevestigings en formuliere bied 'n stabiliteitskonteks waarin verandering, van wie bevestig word en, vir watter funksie van die kerk, konstituerende waarde kry. In die verhaling hierbo is gemeld dat die pastorale versorgers meegewerk het aan die konstruksie van die bevestigingsformulier. Die motivering hiervoor is op voetspoor van Roberts (1988: 8) se gedagtes ten opsigte van rituele:

"Rituals are co-evolved symbolic acts that include not only the ceremonial aspects of the ritual, but does have both open and closed parts which are held together by a guiding metaphor" (vgl ook Kotzé 1993 in hierdie verband).

Vir die versorgers het die konstruksie van die ritueel selfs na die seremonie voortgegaan deur 'n gesamentlike ete saam met die gemeente.

Die relevansie en implikasie van hierdie gesamentlike konstruksie is myns insiens geleë daarin dat dit bydra tot die bemagtiging van die deelnemers, nie net ten opsigte van hulle self nie, maar ook ten opsigte van hulle selfvertroue binne 'n konteks waar werksaamhede van pastorale versorgers nie 'n dominante diskloers is nie.

## 5.2 Sertifikate

Die verhaling maak melding van sertifikate wat aan die deelnemers oorhandig is. Hierdie was 'n verdere konstruk wat ineengevleg is met die bevestigings ritueel om die kultuur van die geloofsgemeenskap (die leraar is die alleen bringer van pastorale sorg) aan die een kant aan te pas en te dekonstrueer en die selfvertroue oor hul bekwaamheid aan die ander kant te faciliteer.

Hierdie konstruk (sertifikate) is gebaseer op White & Epston (1990) se gedagtes oor die rol wat taal in dokumente speel om mense se waarde te meet:

The proliferation and elevated status of the modern document are reflected by the fact that it is increasingly relied upon for a variety of decisions about the worth of persons. For example, in job applications it is standard practice for the documents that are available on the person to be reviewed before the person is interviewed, and there exist circumstances in which decisions are wholly made about the applicant's worth, not through a meeting of persons, but through a meeting of documents.

(White & Epston 1990: 188)

Deur die oorhandiging van sertifikate is die diskloers wat waarde heg aan "kwalifikasies" en die persoon se "dokumente" en wat mense se vermoëns om iets te kan doen of nie te kan doen nie hieraan meet,

ingespan. Dit is gedoen binne 'n kultuur waar die leraar se "dokumente" alleenreg op pastorale versorging verseker, te dekonstreeer en 'n "werklikheid" te skep waar pastorale versorgers aanvaar word. Deur die sertifikate word die beraders se verhaal as bekwame versorgers aan 'n "gehoor" met 'n konstituerende stem bekend gemaak. Hierdie bekendmaking aan die gehoor fasiliteer selfvertroue. (White & Epston 1990: 191).

## 6. NADENKE

Opleiding deur veelvuldige refleksionerende gesprekke het verreikende implikasies vir gemeenskappe. Net twee gedagtes ten slotte:

Opleiding vanuit 'n postmoderne narratiewe vertrekpunt maak dit eerstens moontlik om die magdom kennis ten opsigte van versorging wat koinonial reeds in 'n geloofsgemeenskap leef, kontekstueel in gesprek te laat gaan met ander versorgingsdiskoerse uit ander kontekste. In 'n land met diversiteit soos Suid-Afrika stel hierdie vertrekpunt gemeenskappe instaat om opleiding kontekstueel te laat waar word. Opleiding word 'n saak wat binne 'n konteks in 'n gesprek met buite diskoerse gekonstreeur word.

Hierdie vertrekpunt maak dit verder moontlik dat gemeenskapsprekkamers teen baie lae koste versorging kan bring wat kontekstueel relevant en bekostigbaar sal wees.

## BIBLIOGRAFIE

ANDERSEN T

1987. The reflecting team. Dialogue and meta-dialogue in clinical work. In *Family Process*, 26(4): 415-428.

ANDERSON H & GOOLISHIAN H

1991a. *A collaborative language systems approach*. Paper given at Narrative and Psychotherapy Conference, Houston Texas.

ANDERSON H & SWIM S

1995. Supervision as Collaborative Conversation: Connecting the Voices of Supervisor and Supervisee. In *Journal of Systemic Therapies*, 14(2): 1-13.

BECKER WW

1981. A delivery system within the church: The professional consultant and the laity. *C.A.P.S. Bulletin*, 7, 15-18.

BOBELE M GARDNER G & BIEVER J

1995. Supervision as Social Construction. In *Journal of Systemic Therapies*, 14(2): 14-25.

BOWEN M

1978. *Family therapy in clinical practice*. London: Jason Aronson.

BURGER C

1991. *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap*. Kaapstad: Lux Verbi.

BURNHAM JB

1986. *Family therapy*. London: Routledge.

CANTWELL P & HOLMES S

1995. Cumulative Process: A Collaborative Approach to Systemic Supervision. In *Journal of Systemic Therapies*, 14(2): 35-46.

CARKHUFF RR

1969. *Helping and human relations: A primer for lay professional helpers*. Vols. 1 & 2. New York: Holt, Rinehart & Winston.

CERLING GL

1983. Selection of lay counselors for a church counseling center. *Journal of Psychology and Christianity*, 2(3): 67-72.

## CHARLES H &amp; MORRIS E

1984. *The Christian Leader as a Counselor*. Penang: Baptist Theological Seminary.

## CLINEBELL H

1971. Experiments in training laity for Ministry. In *Pastoral Psychology*, 22(215): 35-43.

## CLINEBELL H

1984. *Basic types of pastoral care and counseling*. Nashville: Abingdon Press.

## COLLINS GR

1987. Lay Counseling: Some Lingering Questions for Professionals. In *Journal of Psychology and Christianity*, 6(2): 7-9.

## COLLINS GR &amp; TORNQUIST LM

1981. Training Christian people helpers: Observations on counselor education. *Journal of Psychology and Theology*, 9, 69-80.

## DE JONGH VAN ARKEL JT

1988. Die pastoraat: noodsaklike onderskeidings ('n Posisiebepaling na 25 jaar). *Praktiese Teologie in Suid Afrika*, 5.

## DETWILER-ZAPP D &amp; DIXON WC

1982. *Lay Caregiving*. Philadelphia: Fortress Press.

## DU RAND JA

1985. Die dinamiek van Christenskap-koinonia. *Fax Theologica*, 1, 55-77.

## EFRAN JS LUKENS RJ &amp; LUKENS MD

1988. Constructivism: What's in it for you? In *The Family Therapy Networker* 12(5).

## EFRAN JS LUKENS RJ &amp; LUKENS MD

1990. *Language, structure and change*. New York: Norton.

## EPSTON D &amp; WHITE M

1990. Consulting your consultants: The documentation of alternative knowledges. In *Dulwich Centre Newsletter* 4.

## EPSTON D &amp; WHITE M

1992. *Experience, contradiction, narrative and imagination*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

MATURANA HR E VARELA FJ

1980. *Autopoiesis and cognition. The realization of the living.* Dordrecht: Reidel.

MATURANA HR E VARELA FJ

1987. *The tree of knowledge. The biological roots of human understanding.* Boston: Shambhala.

FOSKETT J & LYALL D

1988. *Helping the helpers.* Tiptree: Courier International.

FRAMO JL

1992. *Family-of-origin therapy: An intergenerational approach.* New York: Brunner/Mazel.

FRIEDMAN EH

1985. *Generation to generation. Family process in church and synagogue.* New York: Guilford.

FRIEDMAN EH

1991. Bowen theory and therapy. In Gurman, AS and Kniskern, DP (eds.). *Handbook of family therapy*, Vol 2. New York: Brunner/Mazel.

GERGEN KJ

1985a. The social constructionist movement in modern psychology. *American Psychologist*, 40:266-275.

GERGEN KJ

1994. *Realities and Relationships: soundings in social construction.* Cambridge: Harvard University Press.

GERMOND B

1995. Involvement of the laity. In Buchanan, D & Hendriks, J. *Meeting the Future: Christian Leadership in South Africa.* Randburg: Knowledge Resources.

GOEDHART GL

1976. *Die begeleiding van de vrywilliger in het individuele pastoraat.* Kampen: Kok.

GROENEWALD EP

1932. *Koinonia (gemeenskap) by Paulus.* Delft: Meinema.

HAUCK E

1975. *Koinos, Koinonos, Koinoneo, Koinonia, sunkoinonos, sunkoinoneo,*

Konoinikus, koinoa in Kittel g & Freedrich G. *Theological Dictionary of the New Testament* vol 3. Grand Rapids: Eerdmans.

#### HEITINK G

1977. *Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie*. Kampen: Kok.

#### HENDRIKS HJ

1990. Komplimenterende koinonia verbande. In *Nederduitse Gerormeerde Teologiese Tydskrif*, 1, 99-108.

#### HENDRIKS HJ (red)

1992. *Gemeentes vertel: Verandering in 'n Christelike geloofsgemeenskap*. Kaapstad: Lux Verbi.

#### HENDRIKS HJ

1992. *Strategiese beplanning in die gemeente: Die beginsels & praktyk van gemeentevernuwing*. Wellington: Hugenote Uitgewers.

#### HOFFMAN L

1990. Constructing realities: An art of lenses. In *Family Process*, 29(1): 1-12.

#### HOFFMAN L

1992. A reflexive stance for family therapy. In McNamee, S. & Gergen, KJ (eds) 1992. *Therapy as social construction*. London: Sage.

#### IMBER-BLACK E ROBERTS J & WHITING R (ed)

1988. *Rituals in families and family therapy*. New York: Norton.

#### JONKER H

1985. *Koinoterapie: vernuwing in genesing*. Silverton: Sovereign.

#### JOUBERT SJ

1994. Rituele en seremonies: Van toe tot nou. In *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 9 (1). 72-82.

#### KERR M

1984. Theoretical base for differentiation of self in one's family of origin. In Munson CE (ed) 1984. *Family of origin applications in clinical supervision*. New York: Haworth.

#### KERR ME & BOWEN M

1988. *Family evaluation*. New York: Norton.

## KOTZÉ DJ

1991. "Van geslag tot geslag": Die geneagram en die ontwikkeling van 'n narratiewe pastoraat. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 32:644-651.

## KOTZÉ DJ

1993. "Dear Father": Writing letters as a means of concluding conversations cut off by death. Paper given at IFTA conference, Amsterdam, May 1993.

## KOTZÉ DJ

1994. Die pastorale fasilitering van huweliksgroei by egnare met behulp van familie-van-oorsprong-werk. In *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 35:389-399.

## KOTZÉ DJ &amp; KOTZÉ E

1993. Die Predikant se storie: 'n narratiewe benadering tot die ontwikkeling van die persoon van die predikant. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 34:363-370.

## KOTZÉ E

1995. *The social construction of a family therapy training programme*. On gepubliseerde D. Litt. et Phil. proefskrif, Johannesburg, RAU.

## LUKENS HC

1983. Training of paraprofessional Christian counselors: A survey conducted. *Journal of Psychology and Christianity*, 2(1): 51-61.

## LUKENS HC

1987. Lay counselor training revisited: Reflections of a trainer. *Journal of Psychology and Christianity*, 6(2):10-13.

## LOUW &amp; NIDA

1988. *Greek - English Lexicon Volume 1*. New York: United Bible Societies.  
Lyc Mātuvana na Epstou

## MCARTHUR J

1988. *Body Dynamics*. Wheaton: Victor Books.

## MULLER J

1993. Die gebruik van rituele in die pastoraat. In *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 8 (1):1-13.

## NEMETH AN

1979. *The training of leaders as coordinators for the experience of koinonia in a*

*small group setting.* D. Min. Madison: Drew University.

## NEUMAN WL

1994. *Social research methods, qualitative and quantitative approaches.* Massachusetts: Allyn & Bacon.

## OSBORN EB

1983. Training paraprofessional family therapists in a Christian setting. *Journal of Psychology and Christianity*, 2(2):55-61.

## PRATER JS

1987. Training Christian Lay Counselors in Techniques of Prevention and Outreach. In *Journal of Psychology and Christianity*, 6(2): 30-34.

## RICHARD RC &amp; FLAKOLL DA

1981. Christian counseling centers: Two effective models. *C.A.P.S. Bulletin*, 7, 12-15.

## ROBERTO LG

1992. *Transgenerational family therapies.* New York: Guilford.

## ROUX JP

1991. *Onderlinge pastoraat as koinoniale bediening.* M.Th verhandeling, Bloemfontein: UOVS.

## SEABERG JR

1985. Lay Counseling: A Preliminary survey of who, what and how. In *Journal of Sociology and Social Welfare*, 12 (1): 186-294.

## SHOTTER J

1993. *Conversational realities. Constructing life through language.* London: Sage.

## SOBEY F

1970. *The non-professional revolution in mental health.* New York: Columbia University Press.

## STEVENS RP &amp; COLLINS P

1993. *The equipping pastor: A systems approach to congregational leadership.* New York: Alban Institute.

## STONE H W

1987. *Crises counseling.* Philadelphia: Fortress Press.

## STORM CL

1995. Swimming in a Different Stream: A Supervisor's Experience with Social Constructive Ideas. In *Journal of Systemic Therapies*, 14(2): i-iii.

## TAN SY

1990. Lay Christian Counseling: The Next Decade. In *Journal of Psychology and Christianity*, 9(3): 59-65.

## TAN SY

1991. *Lay Counseling. Equipping christians for a helping ministry*. Grand Rapids: Zondervan.

## TITELMAN P (ed)

1987. *The therapist's own family. Toward the differentiation of self*. Nortvale, New Jersey: Jason Aronson.

## TOMM K

1987. Interentive interviewing: Part 2. Reflexive questioning as means to enable self healing. In *Family Process*, 26(2): 167-183.

## TOMM K

1988. Interentive interviewing: Part 3. Intending to ask lineal, circular, strategic, or reflexive questions? In *Family Process*, 27(1): 1-15.

## VAN DE KEMP H (ed)

1991. *Family therapy: Christian perspectives*. Grand Rapids: Baker Book House.

## VAN DER WESTHUIZEN R

1993 *Rituele in maatskaplike hulpverlening*. In *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 8 (1), 14-28

## VAN HEUSDEN A &amp; VAN DEN EERENBEEMT E

1987. *Balance in motion. Ivan Boszormenyi-Nagy and his vision of individual and family therapy*. New York: Brunner/Mazel.

## VAN WAGNER II CA

1977. Supervision of Lay Pastoral Care. In *Journal of Pastoral Care*, 31(3): 158-163.

## VELTKAMP HJ

1988. *Pastoraat als gelijkenis. De gelijkenis als model voor pastoraal handelen*. Kampen: Kok.

VILJOEN F

1995. *Pastorale evaluering van rituele in die ontwikkeling van die gereformeerde tradisie.* M. Th Skripsi. UOVS: Bloemfontein.

WHITE M

1989. *Selected papers.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

WHITE M

1991. Deconstruction and Therapy. In *Dulwich Centre Newsletter*, 1, 27-38.

WHITE M & EPSTON D

1990. *Narrative means to therapeutic ends.* New York: Norton.

WILLIAMSON DS

1991. *The intimacy paradox.* New York: Guilford.

WORTHINGTON EL

1987. Issues in Supervision of Lay Christian Counseling. In *Journal of Pastoral Care*, 31(3): 70-77.